# KLOKGRASSIES

VERSE DEUR

Dr. D. F. MALHERBE.

Gedrukt aan „Het Westen"-Drukkerij, Potchefstroom.

1914.

## KLOKGRASSIES.

Waar wingerdpad se dowwe baan
al deur die stokke heneglij
totdat daar vèr net strepie staan
en rij wil samesmelt met rij,

staar ronde koppies naar benee
so's 'n menseskaar in droewe staat,
en gladde halmpies dra gedwee
hul soete las van klokkiessaad.

Ek sien hul staan langs wingerdrij,
klokhallempies digbij, alom,
die werkvolk gaan daarlangs verbij
maar merk hul nie, in swijge stom.

Swaar voetgewig ter neder druk
so menig dun geboge nek,
ek sien hul sak en nederbuk,
al tussen suringblaar gestrek.

Aan duisend steeltjies rank en skraal
wat meelijvol en droewig neig
hang hofies waar gedagtes dwaal,
hang klokkies waar 'n lied in swijg.

Klokgrassies het 'n tere spraak,
in flouwe suiseling sweef dit uit,
maar wie verstaan word diep geraak
deur weke gras se sanggeluid.

Net so's in middaguur 'n vlei
al spraakloos lê in sonnedroom,
geen klankie daar kom opgeglij
langs halmpies lui-gerek en loom,

maar als die awend-asem stijg
uit pol-o'erdekte gronde op,
so's morgenewels langsaam sijg
deur ijle blaar van bometop,

dan sweef van vèr al digter bij
'n droomgewiegde kriekgegalm
en vul al o'er en o'er die wei
of stemmetjies dwaal in elke halm;

so vaar bij awendwind-gestreel
deur klokkies heen 'n melodij
als ranke steel sig buig tot steel—
'n lied soms droef soms lewensblij.

O klokkies, lui jul klaaglied ~~uit~~ heen
al o'er die rije met sorggebaar,
al hoor geen werkman dit, geen een,
dit help tog dra die eige swaar.

O lui met nederig kopgeswaai
jul hoop en vreugde uit en o'er,
so's landmans hand wat korrels saai
en lewensdrang dra in die voor.

Van die werkman wat in kluite swoeg,
wat heel dag deur gebukkend staan
ledespannend en lede-moeg,
op klokkiestoon sing saggies aan;

van lenteweelde en sonnestraal,
van jonge blare se groene prag,
van bije wat deur die suring dwaal
en gons die liewe lange dag......

Klokgrassies, o mijn ore vang
jul weke sang langs wingerdrij,
en mooie en blije da'e lang
wieg in mijn siel die melodij,

totdat op eens daar beelde staan
waar klanke uit die dieptes rijs,
en liggevoet al samegaan
op onbekende weelde-reis.

Mijn liedjies, klink die wijdte uit
so's in die a'endlug klokkiestaal,
al moet jul flouwe sanggeluid
allenig deur die wereld dwaal.

## DIE STEM VAN DIE WIND.

Die skepping se ruimte het die Skepper berei
ver mij,
en gebied dat mijn gees
moet werksaam wees,
en o'er waterwerelde, ver en breed,
en lande heenstrooi mijn vreugde en leed.

Mijne is die krag
wat sterkte verag.
Waar mijn asem al hijgend die lugruimte deur
reusebome uit hul standplaatse skeur,
wortels, in die aarde se boesem deurvleg,
aan mekaar in klemmende omhelsing geheg,
verpluk en verbreek met ruk en slag......
di's mijn krag!

Tot berge jaag ek die golwe der see
wat dans in hul woestheid o'er skepe benee,
en met magtige swaaie gewentel ter neer
herskep ek hul tot gapende leegtes weer.
Van sidderende dampe uit die aarde gestege
bouw ek wolke-gevaartes langs blouwheldere wege;
waar ek speel met mijn wolke in die lugte se wei
is vrijheid se weelde ver hul en ver mij.

Ek klaag o'er kragte wat kwijn en vergaan,
o'er bewende knieë wat swik agteraan
waar die Doodsengel lei, o'er die wenkende lag
van die vrug, waar die siekte al hongerend in wag,
o'er die laaste gesnik van 'n sterwende held,
gesak in die worsteling te'en o'ermags geweld,
o'er 'n kindjie wat kerm bij die moeder om brood,
wat sterwe van honger in moeder haar skoot.

Ek treur met die mense, met wie rouw en ween,
waar ek fluit van verdriet om die huisgewels heen
en al wenende hang aan die slot van die deur,
smekend om ingang tot die woning wat treur.
Die sug van mijn asem laat die grassaad bewe
waar ek eensame grawe se heuwels o'erswewe,
tot mijn fluister-geklaag in die eensaamheid sink.

Heel die skepping se ruimte het die Skepper berei
ver mij,
om mijn krag met die aarde se kragte te meet,
mijn vreugd uit te bulder en te kla'e mijn leed.

## O LANDE VOL GRAAN !

Vlakte aan vlakte, o'er heuwele heen,
lande vol groen, vol golwende graan!
Breed sprei die sonnelig sijn stralende se'en
o'er swellende saad met beloftes belaân.

Aan miljoene, miljoene van buigende blaar
hang die windjie se asem in ruisend gesweef···
hoor die sug van verlange uit die swellende aar,
die stem van die Lente wat sê : *ek wil leef;*

verlange wat groei met die stijgende son,
verlange om te rijp tot goudgele prag,
so sterk so's die drang van 'n borrelende bron
om te beur uit die aarde naar die lig van die dag.

Die stem van die wind o'er die halme-gekoes,
halme nog groen van jonge geluk,
is die siddering van hoop op die somer se oes
als die wa'ens sal kraak van die gerwe se druk.

So ver als mijn oog o'er die buigende blaar
kan wei, staan die grond met groenheid o'erlaân,
en mijn siele wieg mee met jul spelend gebaar
o belowende,lewende lande vol graan!

## DIE EIKEBOOM.

Twee honderd jaar
het ek kragte vergaar
        en gestrij,
te'en stormende weer
mijn voorhoofd gekeer
        en gelij;

het mijn wortels gebeur
tot die klipbanke skeur
        daar benee,
waar geen oog kon gewaar
wat die voortgang beswaar
        op hul we'e.

Om mijn jeugd te bewaar
te'en sluipend gevaar
        o'eral bij,
werd daar takkies geleg
en met sorg deurvleg
        rondom mij.

Elke morre was ek blij
als die sonbad weer vrij
o'er mij kwam,
en die ijsige knijp
van die nagtelike rijp
werd verlam,

en mijn blaartjies nog teer
in die louwe weer
kon dans,
en swel en dij
in die sonnige tij
en glans.

Maar nou hoog en wijd
o'er die woning gespreid
moet ek staan,
waar ek menig geslag
het sien lij en lag
en vergaan.

Als die onweer swart
in die wolke verward
        o'er mij gaan,
dan bied ik mijn bors
wat die pijne kan tors
        wat hij slaan.

Maar dan tussen mijn bas
en knoppe-gewas
        in die nood
vlug daar diertjies, gebed
aan mijn sij, en gered
        uit die dood.

Dan dreun op mij neer
die bliksemend' weer
        in sijn krag...
o'er mijn boesem die plek
wat hij ope vlek
        met sijn slag.

Waar die blits het geskroei
kom mijn lewensvog vloei,
stil geween —
langs die brandende skeur
sijfer trane deur
naar beneên.

Uit mijn wortels stijg krag
wat mijn pijne versag,
milde se'en;
en mijn wond word gestreel,
deur die koel lug geheel
en die re'en.

Deur mijn loof beskerm
bouw 'n bije-swerm
hul woon
in die skeur wat die blits
mij met borende flits
gaf als loon

ver mijn tartende krag
wat sijn woede verag
en sijn brand,
waar ek klein-lewens bewaar,
angstig om mij geskaar,
alle kant.

Geen kleed ver mijn lijf
als mijn arms krom en stijf
staan verkluim,
winterre'en mij benat
met sijn tergende bad
uit die ruim.

O die troostlose re'en
wekelang o'er mij heen
en die kou,
en geen een wat dit merk
mij met meelij versterk
en aanskouw!

Als die louwe sug
van die somerlug
        in die nag
nes 'n salige droom
deur mijn takke stroom
        innig-sag,

dan fluister ek teer
wat mijn siele deer
        en beklem —
in die wisselend gebaar
van mijn wuiwende blaar
        beef mijn stem.

Als mijn herfsgetooi
van geel, bruin en rooi
        mij belaai,
speel die windjie graag
met mijn blaar wat omlaag
        warrelswaai,

saggies aan, saggies neer,
so's hul kantel en keer
naar benee,
tot hul rus bij mekaar,
om mijn wortels gela'er
stil-tevree.

Twee honderd jaar
het ek kragte vergaar
en gestrij,
getrouw aan mijn plig
liefdeswerk blij verrig
en gelij.

## DIE SEE IS VOL VAN EEUWIGHEID.

Die see is vol van eeuwigheid,
van golwedeining op en neer
tot wiegelwerelde uitgespreid
op maat van eindloos kom en keer.

Uit watergraftes diep gedolf
rijs langvergete mensewee,
die winde dra van golf tot golf,
van golf tot kus die treursang mee.

Die see is vol van klaaggeluid,
van stemme wat geen rus kan krij,
van siele wat eeuw-in eeuw-uit
in smart-herhaling hooploos lij.

O'er waterwijdtes om en om
tot marmerrand van verre kus
ruis daar van oos tot wes, alom,
'n eeuwesang van nimmer-rus.

Die golwe kom, die golwe keer,
in vrolik spel van sonne-lus,
in swarte nag van storme-weer,
en sing hul lied van nimmer-rus.

Daar's eeuwigheid in seegeluid,
in vèr gedreun van kus tot kus,
waar golwe wieg eeuw-in eeuw-uit
op maat van nimmer-nimmer-rus.

# DIE WINGERD.

Als 'n leger van dwergies
wat in slagrije staan
met krom-swarte arme
naar bowe uitgeslaan,
het voor weke en dage
die stokke gestaan,
kaal in die warrelende onweers-vlage,
onder nare musiek van winde-gehuil—
          slaglied-gedreun,
          gewonde se kreun —
ver hul lede geen rusting om agter te skuil.
Nog kort gelede
het hul gestaan,
ontelbare skare op brede baan
in rouwgewaad,
in droewe staat,
treurende stokke *rij aan rij*
met blinkende trane in donker oog —
geen verwarmende troos uit blouwligte boog—
treurend om sterke en kragtige lede,

geval onder snoeiende sawels se snede
en vergaar
tot 'n dorrende hoop langs die kant,
en klaar
om te braai in 'n gloeiende brand.
O die rouwende stokke, rij aan rij,
die treurende, tranende oge-gelij!
En nou,
aanskouw, aanskouw!
die naaktheid en swartheid is omgetower
tot 'n groene see van dekkende lower,
van arme deurvleg,
van vingers deurwewe,
o lustige lewe
van wingerdgetooi!
Groen gewieg in teerlouwe weer,
prijk geile lote in 'n sonnemeer,
in jonkheidsweelde van helgroene skijn —
uit hul midde verban alle sorge en pijn.
Maar ag,
wees bedag,
mijn jeugdige lote,
daar's dreigend gevaar!

Ek sien al die topper
deur julle henevaar,
die snoeimes se snije
skeer o'er die rije,
en jul lede geskaar
in die kluite bijeen,
waar die sonnetjie juig o'er jul lijke heen,
dat die tere tros
kan swel en dij
in die soele tij,
om die kuipe te vul met skuimende mos.
Onder blare-gesprei
loer ogies blij
van korreltjies pas gebore,
in die louwe getij
aan stengels gerij
als kraaltjies uitverkore.
O, hoe sal die dra'ers
bij die lieflike las
van sappige korrels moet lij,
als die reusekristalle,
gebreklik verwring,
verdruk en verdring,
mekaar die groeipad bestrij!

O wondre krag
wat die sappe laat stijg
langs die wortels se gange stil naar omhoog,
waar geen oog
ooit aanskouw
hoe in stille daad sig lewe ontvouw,
tot, deur wijsheids-strewe
aan die mens gegewe,
die glase staan blink met glinstrende wijn
wat die blos laat speel op die bleke wange,
die saal betower met musiek en met sange
en elk sielesmart in 'n roes laat verdwijn!

## GRAFKRANSIE.

*Ter gedagtenis aan......*

Bij die raam uit naar buite sit sij troostloos te [skouw,
die weduwe-moeder vermagerd in rouw,
want die man en die vader is vooruit, hij is weg,
in sijn eensame rusplek met trane geleg.
O'er haar wange het die vinger van kwelling en pijn
sijn smart-skrif
gegrif
in lewende vlees-aarde lijn aan lijn;
en elk morre als die lig aan die kimme verrijs
word hande loom en lam bij die dagtaak se eis,
en elk awend als die son in die weste verdwijn
word verlange al sterker, al wreder die pijn.
En kort is die sluimer
in die lang, lange nag —
herinnerings ontwake
ontsenuw die krag,
leg knellende bande
om hals en om hart
en kneus weer die wonde,
gedrage in smart.

O hooploos die woord wat 'n moeder wil troos,
'n moeder in droefheid en alleen met haar kroos.
Sijn heengan was sag, 'n skeidende sug,
als 'n skijnsel van vèr wat versmelt in die lug,
maar sijn lijding was 'n lang, traagslepend gekwijn,
nes 'n somera'end-skeemring wat swaar-swaar [verdwijn.
O die slepende ure deursleug en deurkerm,
die lange, die bange
nagte se gange,
gerijg als krale aan koorde van pijn,
gerek tot een smartstreep die maatlose lijn!
En eindlik die uurtjie lang gevrees, nooit besef,
toen die sterwende oog sig nog eenmaal verhef,
in heerlike blinking naar Bowe sig wend,
die sege behaal is, die reise geënd.
En toen werd dit stil
o'er hijgende boesem, o'er bleke gelaat,
of die Here wou sê: ,,Di's Mijn wil,
Ek self sal vertroosting aan treurende bied,
hul wonde verbinde; Mijn wil *moet* geskied."
En toen bij die sterfbed klagend omheen
staan moeder en kroos
hul smart uit te snik, hul liefde uit te ween.

Hoogplegtig die stonde, die uur in nood,
als die mens gaan sterwe
en die Almag gaan verwe
o'er bewende lippe die kleur van die dood!
En vèr van sijn woonplaats, waar na jare van vlijt
en klipharde strewe en hande-geslijt
die vrug van sijn dagwerk in weelde sig bied,
staan sijn rusplek, omgewe
van die grassaad se bewe
en bome steilklimmend uit kerkhof-verdriet.
O'er sijn graf ruis die windjie sijn hooplose klag
als 'n rouwgesleep, traag beweeg deur die nag,
maar sijn siele onthewe
aan aardse geween,
aan sorgevol strewe
deurstrij hier beneen,
drink vrij uit die bronne van hemelse lus,
omstraal deur Gods sonne in eeuwige rus.

## DIE WILDE OLEEN.

Als ek op awendwandeling gaan
al met die dowwe slingerbaan
wat te'en die heuwel uit ver mij
in awendkoelte opwaarts lei,
dan staar mij aan
in stille droom die wilde oleen,
waar wijd omheen
geen ander boom sijn wortels slaan
in ondergrondse dorheid in.
Sijn skurwe stam staan laag gebuk
net so's 'n oue man
wat buig
die eindtree van sijn lewensspan
en jarelas al grafwaarts druk.
En elke keer het ingedaal,
waar ek op awendwandeling gaan,
die wilde oleen se smartverhaal
totdat mijn hart diep het verstaan.

Dit was 'n kommervol berig
als van 'n hart wat ou gewig
van langgedrage leed
steeds swaarder druk so's jare gaan,
tot sorgekerwe al dieper staan
op smartgelaat.
Wie het gesien die worstelwerk
te'en rotsemure sterk-
en hardgebank
deur stille krag van eeuwedaad?
Wie het gehoor
hoe wortelsuggies werd versmoor
diep-onder daar
in rotsespleet, vanwaar
geen smeekgebed om lafenis
kon opwaarts dring
deur stil-verborge duisternis?
Al verder het die wortel-are
klein kronkelpaadjies opgespoor,
tot in onbetrede, wonderbare
streek die rigting is verloor,
en tot hul nie meer verder kan
in klipomknelde martelingsban,
in dorre, koue eensaamheid
al wagtend op die sterwenstijd.

So sien ek ook 'n nasie staan,
uit harde aarde uitgekruip,
bo o'er woed die woeste orkaan,
van onder traagheidsgifte sluip
deur wortelsap van volksgeluk,
en vijandslis
en broedertwis
die maak die stam so moeg van buk.
Wijd lê die veld van sijn bestaan,
hoog dreun die storm van vijandswaan,
wat blare en lote roof,
gevoel verdoof
en harte meevoer daar vandaan,
totdat hul in die storm vergaan.
Flouwheid — dolk wat diepste smart —
ontrouwe blare en lote gaan —
bowe wreed en onder hard,
maar mijn nasie sal bestaan.

## DIE DORSMACHINE.

Die heel dag deur het die bak gebrom,
en gerf na gerf afgeglij in die drom,
en verdelgingslus gebrul rondom
so's 'n roofdier om buit.

Verniet dat die miedhoop verhef hoog sijn kop,
want gerf na gerf sal die voerman stop
in die hongerende bek tot hul almal is op
en te niete gegaan.

So's die gerwe sal ons almal ook sak in die drom,
als die raderwerk van die Dood o'er ons kom,
o'er ons heen sal dreun, onversadig Gebrom,
en ons lewensboeke sal sluit.

En al is ons lê-plek in die onderste laag
van die miedhoop, die dag sal daag
dat die vurk ons sal skep en bak toe sal draag
en die drom ons sal slaan.